NATIONAL YOUTH COUNCIL OF NAMIBIA (NYC)

"Youth growing with the Nation"

NANGOF Trust

Namibia Non-Governmental Organisations' Forum Trust

Advocating Networking Supporting

NANASO




# *Making the difference!*

## The BIG in Namibia

Basic Income Grant

Information - Afrikaans, June 2009

# ’n Basiese Inkomste Toelaag vir Almal in Namibië

*Junie 2009*

Namibië is ryk in ekonomiese en sosiale potensiaal, maar ’n groot gedeelte van haar bevolking is arm. Namibië is ook ’n land met een van die hoogste inkomste ongelykhede in die wêreld. Die groot sosio-ekonomiese ongelykhede is ’n refleksie van kolonialisme en Apartheid, maar ook ’n klasse verdeling wat plaasgevind het na onafhanklikheid in Namibië.

Vir verskeie dekades, het konvensionele wysheid dit eens gehad, dat ekonomiese groei tot laer vlakke van armoede sal lei. Dit was ook geargumenteer dat om armoede aan te spreek deur ’n eenvoudige manier, soos om mense geld te gee, ’n vermorsing van geld te wees, wat nie-effektief sal wees, en dat dit beter sou wees om te wag dat groei afwaarts sal deursyfer en dan uiteindelik die armes uit armoede sal ophef. Nietemin, na 19 jaar van onafhanklikheid, het dit nog nie in Namibië gebeur nie, en daarom moet ons vir nuwer wee kyk om armoede aan te spreek.

## *Wat is die Basiese Inkomste Toelaag (BIT)?*

Die Basiese Inkomste Toelaag (BIT) is ’n maandelikse kontant toelaag (bv. N$100-00) wat deur die staat aan elke Namibiese burger betaal sal word ongeag ’n persoon se ouderdom of inkomste. Die geld, wat aan die nie-behoeftige betaal word, word deur die belasting stelsel verhaal. Die belangrikste voordeel van hierdie toelaag is sy vermoë om die lewenstandaard van elke individu te verbeter deur die uitwissing en vermindering van armoede en ongelykheid.

## *Waar vandaan kom hierdie idee?*

Die Namibiese Belasting Konsortium (NAMTAX), het gedurende die jaar 2002 ’n voorstel vir ’n Basiese Inkomste Toelaag vir Namibië gemaak[1]. Die konsortium was beopdrag om die huidige belastingstelsel in Namibië te hersien. Hulle het, as deel van hul aanbevelings, ’n voorstel ingedien, dat ’n Basiese Inkomste Toelaag ingestel moet word, om sodoende die inkomste in Namibië te her verdeel.

Die voorstel beveel aan dat ’n kontant toelaag aan elke Namibiese burger betaal moet word. Die konsortium het hul veral toegespits op die debat wat huidiglik in Suid Afrika aan die gang is, en waar ’n groot verskeidenheid groepe, - insluitend arbeids-unies, nie-regerings organisasies, kerke en ’n paneel van regerings kundiges rondom die omvattende sosiaal beveilings maatreëls – ’n Basiese Inkomste Toelaag, aanbeveel het.

## *Hoe werk die Basiese Inkomste Toelaag?*

Elke Namibiese burger sal so ’n toelaag ontvang totdat hy / sy op die ouderdom van 60 jaar sal kwalifiseer vir ’n staatstoelaag. In die geval van kinders van 17jaar en jonger, sal die voog of versorger van die kind, die toelaag namens die kind ontvang. In die praktyk beteken dit dat as daar byvoorbeeld 6 persone in een huishouding sou saam leef, en die vlak van die toelaag word op N$ 100.00 vasgestel, dan ontvang die totale houding dus N$ 600.00 per maand van die staat.

---

1 Die NAMTAX konsortium het in 2002, N$ 70.00 per persoon per maand voorgestel. En hulle stel verder voor, dat indien die toelaag eers na drie of vier jaar na laasgenoemde geïmplementeer moet word dan beveel hulle aan, dat die toelaag moet begin op die vlak van N$ 100.00. Verder sluit die voorstel van die NAMTAX konsortium in dat weens administratiewe tekortkominge wat op daardie tyd bestaan het, dat slegs kinders bo 6 jaar geakkommodeer kan word om die toelaag te ontvang.

## *Waarom het ons dan 'n Basiese Inkomste Toelaag nodig?*

Volgens die nuutste opname wat deur die Nasionale Beplannings Kommissie gemaak is, leef meer as twee derdes (75,6%) van die Namibiese bevolking onder die grenslyn van armoede. Daar is verder bevind dat Namibië die mees ongelyke verspreiding van inkomste in die wêreld het. Die vermindering van ongelykheid - een van die oorblyfsels van kolonialisme en apartheid - is ook verder nie net 'n saak van geregtigheid nie - maar is ook 'n voorvereiste vir ekonomiese groei en beleggings in ontwikkelende lande.

## *Waarom kwalifiseer die rykes ook vir die toelaag? Moet ons nie eerder die mense teiken wat meeste deur armoede geraak word.*

Klassieke welsyn programme het sekere goedkeuring metodes ontwerp waarmee begunstigdes benader word; dit is 'n proses wat duur is asook 'n vermorsing van tyd en insoverre ook baie ineffektief wat betref die bereiking van mense. Dit is ook beperkend, sover dit sosiale hulp aan spesifieke groepe en mense, betref. As mense dus op grond van Administratiewe vereistes en maatreëls geteiken word om sosiale hulp te ontvang dan sal dit gebeur dat die armstes werklik diegene sal wees wat die minste sal baat deur sulke programme, omdat hulle tradisioneel die mees minderbevoorregtes is interme van toegang tot informasie, infrastruktuur en administratiewe dienste wat voorsien word. In plaas daarvan kan 'n toelaag aan elkeen gegee word, wie ondersteuning nodig het. Die BIT sal dus nie gebaseer wees op sekere meetsnoere en spesifikasies om te kan kwalifiseer vir so 'n toelaag nie, maar sal op self-teikening gebaseer wees.

Met die BIT sal die rykes ten eerste ook die toelaag ontvang; Nietemin, sal die geld vir die BIT deur belastings aanpassings herwin word. Hierdie aanpassings sal van so 'n aard wees dat die middel inkomste groepe die toelaag sal ontvang; maar terselfdertyd sal inkomste belasting sodanig verhoog word dat hulle uiteindelik dié deel wat hulle as toelaag ontvang terug sal betaal. Die rykes sal dus meer terug betaal as wat hulle ontvang deur die toelaag. Hulle betaal dus meer en op hierdie wyse word inkomste effektief herverdeel. Deur dit te doen, word sosiale hulpverlening dus 'n reg wat nie name aan die armes sal gee nie, terselfdertyd is dit 'n effektiewe metode van herverdeling van rykdom.

## *Wat is die BIT Koalisie?*

Gedurende September 2003, het die ELKRN Sinode verklaar dat Namibië die probleme van armoede and inkomste ongelykheid in die gesig staar. In hierdie konteks, het die Sinode die voorstel van NAMTAX Komisie vir 'n Basiese Inkomste Toelaag, verwelkom. Die Sinode is oortuig dat 'n BIT die vermoë besit om mense uit die greep van armoede uit te lig en hulle instaat sal stel om ekonomies aktief te word. Die Sinode erken ook verder dat die BIT kan meehelp met die verspreiding van rykdom. Die Sinode het in antwoord hierop 'n besluit geneem om met die Namibiese regering saam te werk om verdere ondersoeke rondom hierdie die voorstel te doen en die BIT te implementeer. Gedurende November 2004, het die ELKRN 'n Internasionale Konferensie oor inkomste sekuriteit, georganiseer, waartydens die idee vir die implementering van 'n BIT vir Namibië, met verskeie belanghebbendes, insluitend, Kerke, Nie-Regerings Organisasies (NGO) en Regerings verteenwoordigers, bespreek. Hierdie Konferensie het besluit om 'n BIT Koalisie vir Namibië te loods.

Op die 27ste April 2005 was die BIT Koalisie amptelik in Windhoek geloods. Die Raad van Kerke in Namibië (CCN), Die Nasionale Unie vir Namibiese Werkers (NUNW), die Nasionale NGO Forum, die Netwerk vir Vigsdiens Organisasies (NANASO), die Regshulp Sentrum (LAC), Die Arbeids, Bronne en Navorsings Instituut vorm deel van die Koalisie (LARRI). Die Nasionale Jeug Raad (NYC) het in 2009 by die Koalisie aangesluit. Die doel van die koalisie is om met die Regering saam te werk om die BIT in Namibië 'n werklikheid te maak.

Die Namibiese regering het nog nie 'n besluit omtrent die vraag vir 'n BIT die land, geneem nie..

Sommige regerings beamptes, sien die BIT as 'n nie-bekostigbaar welsyn maatreël, en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), het uit hul pad gegaan om die Namibiese beleidmakers te ontmoedig om die BIT te implementeer. Na meer as twee (2) jaar van debatering, voorspraak doen en bepleiting by die regering, kon die koalisie nog steeds nie die regering oortuig om die toelaag te implementeer nie, opgrond hiervan het die koalisie besluit om die toelaag in een gegewe dorpie te implementeer. Dit het ten doel gehad om die impak van die BIT, te demonstreer.

## *Die BIT in Omitara – Otjivero*

Die gekose plek was die nedersetting van Otjivero in die Omitara distrik in Ooste van Namibia. Ongeveer 1200 mense leef daar, en die meeste van hulle is vorig afbetaalde plaas werkers en hul families wie geen ander heenkome gehad het nie. Armoede en desperaatheid daar, was wydverspreid en die koalisie was oortuig dat as die BIT 'n verskil kon maak in die lewe van die inwoners van Otjivero, dan kan dit dus ook sekerlik 'n verskil maak in die lewens van al die Namibiërs in res van land. Die loods project het in Januarie 2008 begin toe alle inwoners van Otjivero, onder 60 jaar, sonder enige voorwaardes, die BIT van N$100.00 per maand, begin ontvang het. Hierdie projek word vergesel deur 'n span navorsers, wie die opdrag het om die impak van die BIT noukeurig, te monitor.

## *Die Resultate*

In July 2008, het die eerste impak evaluerings studie plaas gevind, gevolg deur die tweede studie in November 2008. Die sleutel bevindings, sluit die volgende in:

- Voor die implementering van die BIT, was Otjivero gekenmerk deur werkloosheid, verhongering en armoede. Die meeste inwoners, het hulself daar gevestig omdat hulle geen ander heenkome kon vind, waarheen hulle kon gaan nie. Hul lewens was gevom deur afwesigheid van noodsaaklike basiese lewensmiddele, en hulle het bittermin hoop vir die toekoms gehad.
- Die implementering van die BIT het hul hoop aangevuur, en die gemeenskap daarop gereageer, deur self standig 'n gemeenskaps komitee van 18 lede op die been te bring, wat ten doel gehad het om die gemeenskap te mobiliseer asook om inwoners van raad te bedien oor hoe om die BIT wys en effektief te gebruik. Hierdie stap dui dus ook aan dat die inleiding van die BIT kan meehelp met gemeenskaps mobilisasie en bemagtiging.
- Omdat die BIT slegs op een plek geïmplementeer was, het daar 'n betenisvolle migrasie van die nedersetting, Otjivero plaas gevind. Verarmde familie lede het na Otjivero getrek, aangetrek deur die BIT, alhoewel hulle nie die BIT ontvang het nie. Dit wys op die behoefte om die BIT as 'n universele nasionale toelaag te implementeer, om te verhoed dat mense na spesifieke, dorpe nedersettings en huishoudings trek.
- Die migrasie na Otjivero het die data wat deur studie verkry was beïnvloed. Die Per Kapita inkomste van die BIT het van N$89 per maand in Januarie 2008, gedaal na N$67, Per Kapita Inkomstein November 2008. Ons het dus die impak van die BIT ontleed, deur die invloed van migrasie in ag te neem
- Sedert die implementering van die BIT, het huishoudelike armoede betekenisvol gedaal. As die voedsel armoede lyn gebruik word, het 76% van die inwoners ondedr hierdie lyn geval in November 2007. Dit was verminder na 37% binne een jaar van die implementering van die BIT.. Onder huishoudings wat nie deur in-migrasie geaffekteer was nie, het hierdie lyn geval tot 16%. Dit beteken dat 'n nasionale BIT 'n dramatiese impak sal hê op armoeds vlakke in Namibië.
- Soortgelyk het die BIT tot gevolg gehad dat daar 'n groot vermindering van in kinder wanvoeding was. As die Wêreld Gesondheids Organisasie (WHO), se meet tegniek geneem

word, dit is die data wat aandui dat kinders se gewig-vir-ouderdom betekenisvol, verbeter het binne slegs ses (6) maande, van 42% van ondergewig in November 2007 tot 17% in Junie 2008, en 10% in November 2008.

- MIV positiewe inwoners se toegang tot anti-retrovirale (ARV's) medikasie was gestrem deur armoede en 'n gebrek aan vervoer, voor die BIT geïmplementeer was. Die BIT het die inwoners instaat gestel om voedsame voedsel te verkry sowel as om toegang tot medikasie te verkry. Hierdie positiewe wending was verder verbeter, deur die regering se besluit om ARV's beskikbaar te stel in Otjivero, wat megehelp het om die inwoners te bevry van die behoefte om na Gobabis reis.
- Voor die implementering van die BIT, het ongeveer die helfte van skoolgaande kinders, nie gereeld, skool bygewoon nie. Slaag syfers het op omtrent 40% gestaan en kinders wie skool verlata het se syfers het ook toegeneem. Baie ouers was nie instaat om skool fooie te betaal nie. Na die BIT geïmplementeer was, het meer as dubbel die getal ouers hul kinders se skool fooie betaal (90%) en die meeste van kinders het ook nou skool drag. Nie skool bywoning weens finansiële redes het met 42% gedaal. En hierdie daling sou groter was sonder die in-migrasie na Otjivero. Skoolverlating by die skool het met omtrent 40% in November 2007 tot 5% in June 2008 en verder na byna 0% in November 2008, gedaal.
- Die inwoners het die nedersettingT se gesondheids kliniek meer gereeld gebruik sedert die implementering van die BIT. Inwoners betaal nou die N$ 4 betaling vir elke besoek aan die kliniek, endie inkomste van die kliniek het ook nou vyfvoudig vermeerder van N$250 per maand tot omtrent N$1,300.
- Die BIT het bygedra tot die verminder van huishoudelike skuld, met die gemiddelde skuldlas wat geval het van N$1,215 tot N$ 772 tussen November 2007 en November 2008. Besparings het ook toegeneem gedurende hierdie periode, wat gereflekteer het in die toename in eienaarskap van grootvee, kleinvee en pluimvee.
- Die BIT het grootliks bygedra tot die vermindering in misdaad. Die algemene misdaad syfers, - soos gerapporteer deur deur die plaaslike polisie stasie – het met 42% geval, terwyl veediefstal met 43% geval het en ander diefstal met byna 20% geval.
- Die implementering van die BIT het bygedra tot die toename in ekon omiese aktiwiteite. Die syfers vir die wat betrokke was in inkomste genererende aktiwiteite (bo die ouderdom 15 jaar) het van 44% tot 55% vermeerder. Daarvoor kan ons sê dat die BIT ontvangers instaat gestel het om hul arbeid vermeerder het betaling, wins of familie aanwins, sowel as vir self werkverskaffing. Die BIT het inwoners in staat gestel om hul produktiewe inkomste, verdien, te vermeerder, inbesonders deur hul eie klein besighede te kon begin, insluitend stenemakery, brood bak, en klere-makery. Die BIT het bygedra tot die skepping van 'n plaaslike mark, deur die koopkrag van huishouding te vermeerder. Hierdie bevinding is in teenstelling met die kritiseerders se argumente dat die BIT tot luiheid en afhanklikheid sou lei.
- Die inleiding van die BIT het die afhanklikheid van vroue op mans vir hul oorlewing verminder. Die BIT het vroue 'n maatstaf gegee om oor hul eie seksualiteit beheer te kon uitoefen, wat hulle tot 'n sekere mate bevry het van die druk, om in transaksie seksuele aktiwiteite betrokke te raak.
- Die kritiek dat die BIT sou lei tot die vermeerdering van alkoholisme word nie deur die empiriese studie bewyse, ondersteun nie Die Gemeenskaps komitee het probeer om alkoholisme te beperk, deur 'n ooreenkoms te bereik, met plaaslike shebeen eienaars, deur nie alkohol op betaal dae van die BIT te verkoop nie.
- Die BIT is vorm van sosiale beskerming, wat armoede verminder en vir-armes ekonomiese groei, ondersteun. As 'nnasionale beleid sal dit Namibië grootliks bystaan om die Millenium

Ontwikkellings Doelwitte, waartoe die land haarself verbind het, te bereik.

- Die kostes vir 'n nasionale BIT in Namibia is groot. Die netto kostes sal wissel tussen N$ 1,2 – 1,6 billion per jaar, wat gelyk is aan 2,2 – 3% van Namibië se GDP. Daar is verskeie opsies waarop die BIT gefinansier kan word. 'n Geringe aanpassing van die belasting op toegevoegde waarde gemeng met 'n toename in inkomste belasting, is een opsie. Dit sal alle middel en laer inkomste huishoudings bevoordeel, in terme van beskikbare inkomste. Ander finansierings opsies sluit-in om prioriteite in die nasionale begroting vas te stel en ook om 'n spesiale tarief op natuurlike hulp bronne, in te stel
- 'n Ekonometriese aanliese het openbaar dat Namibië se belastings kapasiteit oorskry 30% van die nasionale inkomste. Die huidige kolleksie van inkomste is onder 25% en daarom Namibië se oormatige kapasiteit om belastings inkomstes, betekenisvol te vermeerder, oorskry die netto kostes vir 'n Basiese Inkomste Toelaag. Dit maak die BIT in Namibië bekostigbaar.
- 'n Nasionale BIT sal verskeie en medium-termyn lang-termyn voordele inhou. Gebaseer op die ontwikkelinge in Otivero-Omitara, is dit veilig om te argumenteer dat die BIT armoede en werkloosheid sal verminder, ekonomiese aktiwiteite en produktiwiteit te vermeer, die opvoedkundige resultate en die gesondheids status van die meeste Namibiërs, te verbeter.

Die voordele van 'n BIT word prakties gesien in Otjivero, wiese inwoners die volgende sê:

> *"In die algemeen gesien het die BIT lewe na ons plek gebring. Elkeen kan nou voedsel bekostig, en ons sien nie meer mense wat vir kos rond bedel nie, soos wat dit was in die verlede. Wat ek kan sê is dat mense hul menswaardigheid terug gekry het en hulle het ook meer verantwoordelik geword."*
>
> *"Ons verwag nie dat alles oornag sal verander omdat mense honger was en die N$100 is nie genoeg om elke ding te verander nie. In die begin het die ouers die geld gebruik omskool fooie te betaal en skool drag te koop en om seker te maak dat hulle genoeg voedxsel het. Die BIT her werklik die gemeenskap in Otjivero gehelp om deel te voel, van die volk van Namibië."*

## *Hoeveel sal 'n BIT vir Namibië kos en hoe sal dit befonds word?*

Daar is vier (4) basiese opsies (of 'n kombinasie daarvan), waaruit 'n BIT befonds kan word:

1. Aanpassings aan die inkomste belasting struktuur. Hoër inkomste verdieners, dra die kostes in vorm van 'n solidariteits bydra aan die armes te finansier.
2. Die NAMTAX Konsortium het die vermeerdering van Belasting op Toegevoegde Waarde (VAT), Dit sal die meeste verbruikers goedere affekteer, maar die oorgrote meerderheid sal nog steeds voordeel trek, want die inkomste van die BIT sal goter wees as die betaling van addisionele belasting betalings.
3. Die betaling van 'n spesiale heffing op nie-verwerkte grondstowwe, wat deur Namibië uitgevoer word (soos as minerale, diamante en vis) en/of 'n klein heffing op toeriste wie Namibië besoek.
4. Repreorisering in die nasionale begroting.

Ekonomiese studies het gewys dat afhangend van die mengsel van belastings aanpassings, dat die netto-kostes vir die Staat vir die BIT sal wissel van N$ 1.2 tot N$ 1.6 biljoen per jaar, wat gelyk is aan 2.2% tot 3.0% van die Bruto Binnelandse Produk (GDP). Die ekonomiese studies het bewys dat terwyl kostes groot kan wees, val dit binne die kapasiteit van Namibië om die nodige bronne te mobiliseer sonder om die finansiële stabiliteit te ondermyn. Meer as dit, het dit gewys dat die BIT nie 'n ekstra las sal wees nie, maar instede daarvan sal dit 'n gepaste intervensie wees wat ekonomiese ontwikkeling en vereistes sal stimuleer.

## *Hoe gaan mense toegang tot die BIT verkry?*

Die BIT sal net soos enige van die huidige toelaes betaal word, byvoorbeeld, deur 'n "smart-kaart" en vinger afdrukke te gebruik, soos huidiglik gebruik in sommige gevalle deur die ouderdom pensioen betalings. Op die langeduur is dit 'n koste besparings manier en laat geen plek vir korrupsie toe nie. Aan die begin sal die inwerkingstelling van hierdie stelsel egter addisionele finansiering benodig.

## *Is daar beter alternatiewe in die plek van die BIT?*

Na 'n deeglike hersiening van relevante literatuur en 'n analisering van moontlike alternatiewe strategie het die NAMTAX Kommissie bevind dat die BIT die beste program is om armoede te help verlig en ongelykheid te help verminder en om ondersteuning te verleen aan mense wie met MIV/VIGS lewe. Daar is egter alternatiewe wat koste besparend is soos om alleenlik kinders tot die ouderdom van 17jaar te onderhou. Hierdie alternatiewe is egter goedkoper, maar baie mense sal nog steeds sonder ondersteuning gelaat word. Ander alternatiewe sluit in bv. die programme wat vereis dat mense moet werk om sodoende enige ondersteuning van die regering te ontvang. Nogtans is hierdie programme te duur en sal nie instaat wees om alle behoeftige mense te bereik nie. Ander programme van die regering soos die skoolvoeding programme ensovoort, moet egter nie as alternatiewe gesien word nie, maar as komplimenterend tot die toelaag.

## *Sal mense afhanklik word op die BIT?*

Arm mense is afhanklik vir hulp van ander mense, soos families en vriende wat 'n soort inkomste verdien. Die BIT sal 'n eie basiese inkomste bron voorsien waarop hulle kan staat maak en wat hulle instaat sal stel om hulle eie besluite te kan neem. Dit sal ook die las op die werkende armes verminder wie huidiglik families en vriende met hulle beperkte inkomste moet onderhou. Daarom verminder die BIT in der waarheid afhanklikheid en stel bronne vir beleggings moontlik.

Plaaslike en veral plattelandse maket sal voordeel trek uit hierdie oordrag van geld en besit die vermoë om die onderontwikkelde plattelandse ekonomie te stimuleer. Ook het so 'n stabiele en volgehoue inkomste bron 'n ontwikkelingsvermoë omdat mense nou daarop kan staat maak en hul ekonomiese aktiwiteite beter beplan

### *Wil u hê dat Namibië Basiese Inkomste Toelaag vir almal implementeer?*

'n Nasionale BIT sal Namibiërs in alle streke van die land bevoordeel. Dit is ook bekostigbaar en sy implmentering is 'n vraag van politieke wil. Namibiërs het die reg om 'n BIT nou, te eis.

As u die implementering van die BIT vir almal in Namibië, wil ondersteun laat dan u stem hoor deur die volgende te doen:

- Skakel die radio stasies (in-bel programme) en stel u beskouing van die BIT.
- Skryf briewe oor die BIT, na die koerante.
- Verprei hierdie pamflet so wyd as moontlik en bespreek die idee van die BIT met ander mense.
- Bespreek die idee van die BIT in u kerk, werkers unie, jeug organisasie of gemeenskap organisasie en moedig hulle aan om by die BIT koalisie aan te sluit indien hulle nog nie so gedoen het nie.
- Praat oor u ondersteuning van die BIT met u politieke verteenwoordigers in u gemeenskap en streek, soos die plaaslike en streeksraads lede en tradisionele leiers. Hulle word verkies om u te verteenwoordig.

**Basic Income Grant Coalition Secretariat c/o Desk for Social Development (ELCRN) / P.O. Box 5069 / Windhoek / ☎ +264 (61) 235466 — 🖷 +264 (61) 305087 — E-mail: dfsd.elcrn@gmx.net**




*The Basic Income Grant Pilot Project in Otjivero-Omitara*